



# Litera

---

## GEDIGTE / POEMS

- Michael Edwards*  
Seeing the light 137  
If one can believe 138
- Joan Hambidge*  
Eugène N. Marais (1871-1936) 139
- Eric Kayayan*  
sur une minuscule balance d'orfèvre 143
- Petro Kempen*  
Erosie 143
- Anne-Marie Conradie*  
Die vrou van die negentigerjare 144

## KORTVERHAAL

- Frans Britz*  
Plastiek 145



Die rubriek *Litera* word finansiëel gesteun deur/  
The section *Litera* is financially supported by  
Department of Arts, Culture, Science and Technology  
Departement Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie

## Rubriek vir skeppende werk

Met die afdeling *Litera* tree ons toe tot die mark vir skeppende werk in al die tale waar daar normaalweg in *Literator* geskryf word.

Dit is die wens van die Redaksie dat die gedigte en kortverhale wat hierby verskyn, baie gedigte, kortverhale en prosa- en dramafragmente in ander inheemse tale sal roep, sodat hierdie blad één geïntegreerde beeld van die korter skryfwerk van jong Suid-Afrikaanse skrywers kan bied.

Dit is met vreugde dat ons die uitnodiging aan veral digters en kortverhaalskrywers rig om skeppende werk voor te lê vir plasing in hierdie rubriek, met die voorbehoud dat ons nie oor die mannekrag beskik om daarvoor te korrespondeer nie. Bydraes in **viervoud** moet in dubbelspasiëring getik wees, met die naam en adres van die insender regs bo aan die eerste blad van gekramde tekste en op elke losbladvel wat gestuur word.

Stuur alle bydraes aan die Hoofredakteur, *Literator* (629), Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte, Privaatsak X6001, Potchefstroom 2520.

## Section for creative writing

In introducing the section *Litera* we are entering the market for creative work in all the languages that *Literator* normally caters for. It is the wish of the Editorial Board that the poems and short stories printed in this issue will only be the precursor of many poems, short stories, prose and drama fragments in all the indigenous languages, so that the journal will be able to present one integrated image of the short pieces of writing which young South Africans can offer.

It is with great joy that we extend this invitation to especially poets and short fiction writers to submit creative work with a view to publishing them in this section. The only reservation is that we do not have the manpower to enter into correspondence about the works submitted. **Four copies** of contributions have to be submitted. The submissions have to be typed in double spacing, with the name and address of the author at the top right of the first page of stapled text, and on every loose sheet sent in.

Send all contributions to the Editor-in-Chief, *Literator*, (629), Bureau for Scholarly Journals, Private Bag X6001, Potchefstroom 2520.

*Michael Edwards*

## Seeing the light

The layered foliage overhead of these riverside trees flows continuously with racing water-lights. The river itself is a trembling of moist flares, lost as soon as seen and yet instantly rekindled; moments where the light is suppler are fish, showing then vanishing. The silkience of the air is a clarity, a lightness, of light: a light, however, not tenuous but substantial, like Mozart, or like *brut* champagne. Sunlight reigns, and the reciprocal, irradiated bodies might almost be elicited, or compacted, from light. The leaves flicker with an innumerable inward illumination.

A kingfisher passed, a blue stroke of the brush on the lucid air.

## **If one can believe**

If one can believe that biased ancient,  
the Word,  
shouldering his way innocuously into the dust,  
the waiting stones, the tides and weathers  
he had made pronouncing them, appeared, became  
the heart, the innermost, of all he had uttered.  
To dark listeners pressing around him  
he figured another, heavenly earth,  
speaking with authority and with infinite patience.  
His departure was predictable, and obloquy, taunts,  
circumspect remarks – the small change  
of history – performed their work. He did  
return for a while. A chastened friend  
met him by the tomb,  
and accosted him sadly, thinking that she had seen  
old Adam, gardening. No sooner had he begun,  
however, than he was lifted, shedding light  
on a world changing and ready to be named,  
till a cloud hid him;  
leaving the haunted among us to consume  
all our Saturdays reaching for words.

## **Eugène N. Marais (1871-1936)**

*Daar is niks wat jy liefhet wat nie van jou  
weggeneem sal word nie.*

*Dorothy Parker*

### I

Hoe durf ek skryf oor jou: 'n onbekende?  
Gereduseer tot 'geval', morfinis, afwykende ...  
Boonop in 'n onbekende tyd ...  
Hoe kan ons ooit in 'n gedig regstel  
dit wat jou ontnem is (soos 'n ongeskryfde gedig)  
en aan jou toegedig word: 'n lewe in 'n verkeerde tyd,  
ruimte, dimensie – jou tyd vër vooruit?

### II

Die vers broei wekelank in my.  
Jy is meer as 'n 'groot verlange';  
gestol in die agterruimte van 'n kleinlike tyd  
sien jy alreeds die onbewuste in 'n miernes;  
weet die enkeling is ontersaaklik  
vir die groter geheel.  
Iets onsigbaars, onsêbaars (noodlot het geen dekorum)  
bly talm: hesperiese flitse van verdriet.

### III

Daar word beweer die jongste van dertien  
'n Vervloekte met 'n Kaïnsmerk:  
Onsigbare, tastende Derde oog.  
Doodsbalju, kroonprins van die hel  
besef as klein kind die wonderwerk van vooraf  
weet: 'n kooltjie vuur stig 'n bosbrand aan.  
(N)iemand kon die lyne in jou palm lees:  
die selfmoordenaar, 'n swart forel, beur stroomop.  
Wis van jongs af sy verdoemende lot:  
stuur af op 'n swak gerepeteerde slot.

### IV

Iewers vertel die heldersienendes kan ons vervloektes red:  
bevry al die visse in die see ...  
Alles begin oënskynlik met 'n spel: die smokkel  
met sinne eers 'n heling teen insomnia;  
later 'n nuttelose panacee teen senu-uitputting,  
Die dobbelsteen bly verkeerd val;  
die kaarte wys 'n ómgekeerde Skoppensboer.

### V

Dit staan geskryf teen die tempels  
in moeilik-ontsyferbare hiërogliewe  
teen die graf van Ramses II  
dat vrede vir die vervloekte wél bestaan.  
“Daar sou ek vrede weer besef  
waar Tebes in die stil woestyn” ...  
Die gedig skryf sigself; vang die boodskappe  
uit die ander oord onbevange op.  
Laasnag droom ek van jou – met jou panamahoed  
en dandy-pak in Egipte:

## VI

“O Diep Rivier, O Donker Stroom,  
Hoë lank het ek gewag, hoe lank gedroom  
Die lem van liefde wroegend in my hart?”  
Vir jare sou die koors van berou, verwyd  
om jou hang en elke geliefde of flirtasie  
weer daardie eerste verlies uitspeel:  
'n droewe deuntjie op 'n outydse pianola ...  
En toe jou moeder sterf, in in teen die Groot Niet  
kon sy jou ook nie vertroos; net verder ontstig  
met haar doodswoorde: “Daar's niks”.

## VII

Ses dekades later in die wagkamer  
tussen hier en die on-sienlike Daar  
wonder ek: hoe kan 'n mens jou verlos?  
Spiritiste meen mens bly gevange:  
herhaal die skoot oor en oor  
soos 'n teisterende droom  
sonder logiese begin of einde  
maar met die flitsende boodskap:  
“O, Diep Rivier, O Donker Stroom ...”

## VIII

Met drif het jy jou somberheid uitgeleef:  
jou pennehouer 'n skedel ...  
Die verlies van die verswygde liefde:  
soos die pik van 'n slang.  
'n Wond wat sweer word kouevuur.  
Verswelg in koorsdrome ont-  
glip jy tydelik: 'n kobra in deurskynende glas.  
Was dit swak-geskommelde kaarte?  
'n Kruis en munt?  
Opsluit moes jy dobbel, die dices skud  
in teen die donker dieptes van die stroom:  
'n Walvis sluk jou heelhuids in.

L'envoi

## IX

Van gesoignéerde, strydvaardige joernalis  
gedemoveer tot bedremmelde, behoeftige boemelaar.  
Is daar nog trane vir poësie?  
Of leef jy nog in die selfgeskepte hel  
van sinsbedrog, 'n noodlotsroep?  
Vanaand swem al die visse  
van die Tierra del Fuego tot Groenland,  
van die Kaap tot Wladiwostok  
en roep: “Hy’s bevry, hy’s bevry”!



*Eric Kayayan*

sur une minuscule balance d'orfèvre  
se pèse parcimonieusement  
poussière d'or éparse de mes états d'âme  
dispersée au moindre souffle,  
que ni mots ni pensées ne savent aimer  
fine poudre volatile  
dissoluble dans l'air subtil  
que l'haleine conjugée des choses  
ramène à sa lourde densité

*Petro Kempen*

## **Erosie**

Soms in jou tuin  
op 'n lui gedagtelooop  
kom jy onverhoeds  
weer die kaalte teë.

Dan gaan sit jy  
in die warm grond  
en voel ontworteld,  
hoe die kaalkopson  
jou onvertroos.

## **Die vrou van die negentigerjare**

Die geskeide enkelouerma  
(nie owerspelig nie)  
gesels nagte om  
met haar doofstomsakrekenaar  
die braille syferkommunikasie  
gee somber antwoorde:  
geen retribusie  
moontlik volgende maand  
dalk volgende jaar –  
Madiba moet eers kry,  
soos dit hoort,  
net die droë krummels  
vir die Hemelpoort.

Die geskeide vrou se ricekrispieboks is leeg  
die enkelouerma se poeiermelkblik is droog  
Here, stuur tog Elia  
om by die vrou van die negentigerjare  
se kraan water te kom drink.

## **Plastiek**

“Kyk af,” beveel die okularis en glip sy nuwe oog behendig in die leë holte in. Die oog voel nat en warm in sy kop. Orgasmies. Die okularis vou sy hande aan weerskante van sy gesig en lig sy ken. Die twee mans kyk mekaar waterpas in die oë.

“Mmm, die pupil het effens geskuif,” hoor hy. “Dit gebeur soms wanneer mens die ogie in die oond sit. Maar dit lyk goed. Beter as die ou oog.”

Bles kyk vinnig vir homself in die spieël teen die muur. Hy kon nie uitmaak hoe skeef die pupil is nie.

“Party van my pasiënte verontagsaam my instruksies oor die versorging van die oog,” sê die okularis met nadruk. Hy trek sy mond en neus skeef.

“Na ’n paar weke val so ’n siel hier uit met daardie oog in die haglikste toestand. Dan het hy dit nog nie een keer uitgehaal sedert ek dit laas ingesit het nie.”

Bles ril by die gedagte. Stel jou voor. Om so ’n pasiënt voor jou te sien sit en te weet jy moet die gemors regmaak?

“Kyk op,” word hy weer beveel, en die oog word met ’n gladde beweging uit sy lêplek gelig.

“Hoekom grou mense alewig in hulle oë wanneer hulle met my praat?” vra Bles so onemosioneel moontlik. Die okularis is besig om die oog vir oulaas te poleer.

“Jy maak hulle van hulle eie oë bewus,” antwoord hy kalm. “Dis doodnormaal. Mense vryf in elk geval gereeld oor hulle oë. Veral as hulle bril dra.”

Hy vryf vinnig met die een hand oor sy gesig voor hy hom na Bles draai – die blinknuwe plastiekhalfmaan tussen die ander hand se vingerpunte vasgekleem.

“Gister vertel ’n pasiënt my dat ’n bouncer by ’n nagklub hom by die ingang gevra het om asseblief nie sy oog in die klub uit te haal nie! Dit het blykbaar al gebeur, en management het besluit dit ontstig die klub se gaste! Stel jou voor.”

Dit laat hom dink aan die warm Desemberdag toe hy, nadat hy sy plastiek beskadig het, verplig was om by 'n bolronde oogarts op 'n vakansiedorpie te gaan hulp soek.

“Jy het pyn van die ding?” het die swetende arts gevra.

“Ek is desperaat,” het Bles geantwoord. “Ek het die ogie laat val. Dit moes 'n krap iewers opgedoen het, want ek het verskriklike ongemak. En my okularis is ses ure se ry van hier af!”

“Maar is dit dan 'n probleem as dit gekrap raak,” hoor hy die man vra. “Jy kan tog nie deur die ding sien nie.”

Bles het hom leweloos sit en aankyk.

“Of kan jy?” Die oogkundige het benoud gelyk. Hy het sy voorkop met 'n snotterige sakdoek afgevee.

“Nee,” het Bles uiteindelik gesê.

“Ek het al die tools hier wat nodig is om 'n glasoog te maak”, het hy die arts hoor praat. “Maar ek kan dit nie vir jou polish nie. Ek het ongelukkig nie meer die buff nie. So min aanvraag vir die buff. Het net nou die dag die buff ga' sta' verkoop. Maar ek kan dit vir jou met 'n tandeborsel en tandepasta skoonmaak.”

“Nee dankie,” het Bles gesê, en opgestaan. Hy't seker 'n plaas, het dit deur Bles se kop geflits. En 'n four by four. En kleinkinders soos die sand van die see.

Hy het dit oorweeg om vir die soveelste keer te verduidelik dat sy kunsoog nie van glas gemaak was nie, maar van plastiek. Dit was van die grootste belang dat mense hierdie feit aanvaar. Nie glas nie. Plastiek. Maar hy't sy lippe styf opmekaar gepers. Hy wou geen oomblik langer in die waterige ogies van die arts vaskyk nie.

Die blonde ontvangsdame het vir hom geknipog toe hy uitstap. Haar lang rooi tong het by haar mond uitgehang terwyl sy haar wenkbroue met 'n spieëltjie en 'n klein tangetjie sit en pluk het.

Die okularis vind die storie ongelooflik snaaks. Hy lag so hard dat hy byna self die nuwe oog laat val.

Terug by die werk leun Prudence, die sekretaresse, oor sy lessenaar en kyk hom diep in sy gesonde oog. “Jitte jong,” sê sy opreg verstom. “Hulle het wragtig 'n goeie job gedoen.”

Sy gaan sit en begin gesels terwyl sy vir die nuwe plastiek kyk. Bles kyk vir Prudence terwyl sy vir die plastiek kyk. Hy wonder waarom sy besluit het dat die oog waarvoor sy kyk, die genuïne article is. Hy't lus en vra haar. Hy hou sy kop al skewer om haar te dwing om vir die regte oog te kyk. Maar Prudence laat haar nie afsit nie. Die enigste teken van ongemak is die sweet op haar besige bolip. Sy lek oor haar lippe.

“So dis jou nuwe oog,” sê 'n vriend daardie aand. “Hulle het nie die kleur heeltemal reggekry nie. Die oog's mediumgroen en daai een donkerder.” Die skraal ventjie kyk hom hand-in-die-sy aan, 'n frons op sy delikate James Dean gesig.

“Dit lyk damn orraait,” is sy broer se bydrae. “Jy't nie valstande nie, het jy?”

“Nee,” antwoord hy verlig.

Sy suster kyk hom innig in die oë. “Die vorige een was nie heeltemal reg nie,” sê sy. “Mens het nie aldag geweet vir watter oog om te kyk nie.” Sy lig haar wenkbroue. “Maar die een is net reg. Mens kan regtig nie die verskil sien nie.”

Teen slaapyd haal Bles die ogie uit en spoel dit onder lopende water af. Hy aanskou die eienaardige geverfde halfmaantjie met die gewone vermenging van verwondering en haat. Soos ander mans waarskynlik hulle vrouens bekyk voor hulle die bedliggie afsit, dink hy slim.

Sy oogkas is rooier as gewoonlik. Gewoonlik sou dit beteken dat hy dronk of siek is. Hierdie keer weet hy egter dat dit bloot beteken dat sy nuwe ogie besig is om sy eie holte te vind. Elke oog het immers sy eie manier van lê. Hy glip die oog weer terug in sy nuwe tuiste.

Hy gaan sit voor die rekenaar langs sy bed en tik vinnig die dag se gebeure in sy dagboek in. Hy skakel die rekenaar – en die bedliggie – af en woel homself behaaglik tussen die bloedrooi lakens in. Hy droom van 'n pragtige geliefde wie se plastiek perfek in sy holte pas.